3 Oktober **Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 4:5-15**
Fokusgedeelte: NGB, Art 22

Die Gees gee geloof om Christus te omhels

Paulus se beskrywing van ons aardse lewe as ’n kleipot (vers 7) is raak. Hoe kwesbaar en breekbaar ís ons nie! ’n Stamp, ’n virus, ’n aartjie wat bars, ’n skok of ’n oomblik sonder suurstof, en ons is nie meer dieselfde nie. Hoe ouer ons word, hoe meer gekwes, gekraak en gekrok gaan ons deur die lewe. Om te sê: “So gaan dit maar,” troos niemand nie. Vir baie is die lewe sinlose agteruitgang en lyding.

Vir gelowiges is broosheid egter nie doelloos nie. Daar staan ’n SODAT agter ons broosheid (vers 10-11). Ons breekbaarheid staan in diens van die verkondiging van Christus!

Paulus verduidelik hoe dit inmekaar pas. In die kleipot van elke gelowige se lewe het die Heilige Gees ’n helder lig aangesteek. Hierdie lig is “kennis van die heerlikheid van God wat van Jesus Christus uitstraal” (vers 6). Hoe sal hierdie lig sy werk kan doen? Niemand kan so ’n lig sien as die kleipot nie gate en krake het waardeur dit uitstraal nie! Dáárom die stampe, skokke en swakhede in jou lewe. God wil sý lig deur die krake in jou lewe laat skyn en so van elke ongeluk, siekte en selfs die sterfbed ’n preekstoel maak.

Omhels dus vandag opnuut, juis in jou broosheid, Jesus Christus en sy verdienste. Weet dat jy en Jesus deur die Heilige Gees een is. Dit is SY krag wat in jou is. SY krag oortref alles! (vers 7). Dit is SY sterwe wat jy in jou liggaam saamdra (vers 10), maar ook SY opstanding en SY nuwe lewe (vers 11). Ja, selfs SY verheerliking voor God se troon is joune (vers 14)!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)